# JUNIOR JEUG ALPHA: Sessie 4 – Hoe kan ek geloof hê?

**Doel van les:**

- In hierdie les praat ons oor die Drie Eenheid en verduidelik dit prakties vir die kleintjies. Die Drie Eenheid is 'n moeilike konsep selfs vir grootmense, en ons wil met hierdie les begin om die konsep aan die kleintjies bekend te stel. Ons praat ook oor hoe ons moet glo in God selfs al kan ons Hom nie sien nie.

**Ysbreker:**

- **Drie in een outfits:** Die groepe kry elkeen die volgende items klere: serp, hoed, brille. Hulle moet nou 3 maniere wys hoe hulle die drie items klere as 'n geheel kan dra om een "outfit" te maak.

Wie het al gehoor van die Drie Eenheid? Wat of Wie dink julle kan dit wees? Soos ons nou kan hoor uit Drie Eenheid, bestaan dit uit drie lede – God die Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees.

Daar is wel baie mense wat bietjie deurmekaar raak. Christene glo net in een God, maar tog is daar drie persone, die Drie Eenheid.

Vandag gaan ons iets in die Bybel lees wat ons dalk beter gaan laat verstaan hoe God drie is, maar ook een.

Lees die gedeelte van Jesus wat gedoop word uit die kinderbybel. (Mark 1:9-11) (Jesus het in daardie selfde tyd van Nasaret in Galilea af gekom, en Hy is deur Johannes in die Jordaan gedoop. Net toe Hy uit die water kom, het Hy die hemel sien oopskeur en die Gees soos 'n duif na Hom toe sien neerdaal. Daar was ook 'n stem uit die hemel: "Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek My."

Hier kan ons sien dat daar drie persone van God is. God die Vader, wat uit die hemel praat, Jesus en die Heilige Gees.

Drie in een klink heel snaaks. Ons kan nie heeltemal verstaan hoe dit kan werk nie, en dis heel ok. Wanneer dit by God kom, sal ons nooit als verstaan nie, en dis hoe dit moet wees. God is baie groter as enige iets wat ons ooit kan verstaan.

**Demonstrasie:**

So vandag is daar 'n eksperiment waarvoor ek drie helpers nodig het.

Die eerste persoon hou die meel vas, die volgende die sout en die laaste een die water.

Wys na die koppie met die meel in. Kom ons sê hierdie koppie meel stel God die Vader voor. Wit laat ons dink aan iets wat skoon is. Ons weet dat God sonder sonde is. (die eerste kind gooi die meel in die bak).

Volgende is die halwe koppie sout. Kom ons imagine dat hierdie sout Jesus voorstel. (die tweede kind gooi nou die sout in die bak).

Laaste is die halwe koppie water. Kom ons dink nou aan die water as die Heilige Gees. Water word baiekeer in die Bybel gebruik om gees voor te stel. (die laaste kind gooi die water in die bak).

Meng als goed deur. Is die sout nog in die bak? Is die meel nog in die bak? En die water?

Ja, al drie die bestanddele is steeds in die bak, maar ons het nou een ding gemaak van dit. Kan julle vir my sê wat? Ons het deeg gemaak. Dis nou een ding, maar tog is al drie die bestanddele steeds daar. Dink julle as ek die water uithaal dat dit nog deeg kan wees? En wat as ek die meel uithaal en net die sout en water in die bak het? Is dit dan nog deeg?

So in kort, is dit 'n manier om aan die Drie Eenheid te dink. Drie in een. Definitief drie en ook definitief een.

Die Bybel vertel vir ons van die Drie Eenheid soos ons nou gelees het. Al kan ons dit nie verstaan nie, moet ons dit glo.

**Aktiwiteit:** Gee vir elke groep 'n uitdeelstuk en laat hulle die vrae in hulle groepe beantwoord. Kry terugvoering van die groepe.

Ons glo in baie dinge al kan ons dit nie sien nie. Ons glo daar is klippe op die maan al was ons self nooit daar nie. Ons glo daar is mooi goed in geskenkpakkies, al is ons nie seker totdat ons die geskenk oopgemaak het nie. Ons glo ons het 'n hartjie, en dat dit net reg in ons lyfies pas al het ons nog nooit ons hartjies gesien nie. Al kan ons God nie sien nie, en is dit moeilik om drie in een te verstaan, kan ons weet dat Hy regtig daar is, en dat Hy lief is vir ons.

Hy het ons so baie lief dat Hy Jesus gestuur het om vir ons te sterf en so lief dat die Heilige Gees in elke kind van God se hartjie woon. Om te glo is baie belangrik. Wat sê julle: Wie glo saam met my?

Sluit af in groepe met gebed.

# Glo jy?



Glo jy dat daar klippe op die maan is?  Glo jy dat 'n mens al op die maan geland het? Hoekom/hoekom nie?



Wanneer jy 'n geskenk sien onder die Kersboom met jou naam op, glo jy dat daar iets moois in die boksie/onder die geskenkpapier is?  Hoekom/hoekom nie?



Glo jy dat jy 'n hartjie in jou lyfie het?  Glo jy dat dit net reg in jou lyfie pas?  Hoekom/hoekom nie?